

play! Mathematics | Graad 5

Kwartaal 3 Opsomming

- GEBRUIK AS VOLG -

Opsie 1: Druk uit en gee aan jou kind om te bestudeer.

Opsie 2: Vra jou kind om elke vraag mondelings te beantwoord.
In sommige gevalle mag hulle 'n pen en papier benodig.

Hierdie opsie word sterk aanbeveel.

Soos wat 'n kind elke antwoord hardop verduidelik:

- sal dit hulle help om dit in hul geheue vas te lê.
- jy sal maklik kan sien of hulle dit werklik verstaan of nie.
 - Indien ja, gaan voort. 😊
 - Indien nie, moet die tema hersien word.
 - Hersien Kwartaal 1 + Kwartaal 2 werk indien nodig.

- LET WEL: HIERDIE IS SLEGS 'N OPSOMMING -

- Dit dek nie al die werk wat bestudeer moet word nie.
- Dit vervang nie die oefeninge in jou Play! Wiskunde werkboek of skoolboek nie.



AFDELINGS IN HIERDIE OPSOMMING

| 1. | 2. | 3. | 4. |
|---------------|-------|------------|------------------------|
| Gewone Breuke | Massa | Telgetalle | Optelling & Aftrekking |

| 5. | 6. | 7. |
|-----------|---------------|-------------------|
| 2-D Vorms | Datahantering | Vermenigvuldiging |

Deel 1: Gewone Breuke

1. Hoe skryf jy “vyf agstes” in simboolvorm?

Skryf 5 oor 8 → $\frac{5}{8}$

Die 5 gaan bokant die breuklyn en die 8 gaan onder die breuklyn.

2. Verduidelik wat ‘n teller en ‘n noemer is.

1. Bestudeer: Breuk = $\frac{\text{teller}}{\text{noemer}}$

Byvoorbeeld: In die breuk $\frac{5}{6}$, is 5 die teller en 6 is die noemer.

Noemer

In enige breuk staan die getal onder die breuklyn bekend as die noemer.

Die noemer dui aan in hoeveel gelyke dele die hele in verdeel is.

Teller

Die getal bokant die breuklyn staan bekend as die teller.

Die teller dui aan hoeveel van die gelyke dele waarin die hele verdeel is, geneem word.

3. Daar is 2 rooi en 3 blou balle in ‘n sak.

Watter breukdeel van die balle in die sak is blou?

Daar is altesaam 5 balle in die sak. 3 van die 5 balle is blou.

Dit beteken dat 3 vyfdes van die balle in die sak blou is.

4. Verduidelik hoekom 2 derdes groter as 1 derde is.

“Derdies” beteken dat ons ‘n hele in 3 gelyke dele verdeel.

2 derdes beteken 2 van 3 gelyke dele.




1 derde beteken slegs 1 van 3 gelyke dele.



5. Verduidelik hoekom 1 kwart groter as 1 agtste is.


As ons 'n hele in 4 gelyke dele (kwarte) deel is die dele groter as wanneer die hele in 8 gelyke dele (agstes) gedeel word.



6. Verduidelik hoekom 1 helfte gelyk is aan 2 kwarte.

As ons 1 hele in 4 gelyke dele deel, kry ons kwarte.

As ons 2 kwarte neem, sien ons dat dit gelyk is aan 1 helfte van die hele.




Hierdie onderwerpe word op 'n **deeglike + maklike** manier in ons Play! Wiskunde boeke behandel.

7. Watter breuk is groter, 1 helfte of 3 kwarte?

1 helfte is gelyk aan 2 kwarte.

Dus is 3 kwarte groter as 1 helfte.




8. a) Verduidelik hoe om 1 derde van 'n getal te bereken.

Deel die getal in 3 gelyke dele en neem 1 van die dele.

- b) Bereken 1 derde van 12.

1 derde van 12 is gelyk aan 4 want $12 \div 3 = 4$.




9. a) Verduidelik hoe om 2 vyfdes van 'n getal te bereken.

Deel die getal in 5 gelyke dele en neem 2 van die dele.

- b) Bereken 2 vyfdes van 15.

1 vyfde van 15 = 3 [want $15 \div 5 = 3$]

Dus is 2 vyfdes van 15 = $2 \times 3 = 6$



10. Bereken 3 kwarte van R80.

1 kwart van R80 = R20 [want $R80 \div 4 = R20$]

Dus is 3 kwarte van R80 = $3 \times R20 = R60$

11. Wat is die “reël” wanneer ons breuke optel of aftrek?

a) Wanneer ons breuke optel, tel ons nooit die noemers op nie.


$$\frac{3}{5} + \frac{1}{5} = \frac{4}{5}. \quad \text{Dit is nie gelyk aan } \frac{4}{10} \text{ nie.}$$

b) Wanneer ons breuke aftrek, trek ons nooit die noemers af nie.

$$\frac{3}{5} - \frac{1}{5} = \frac{2}{5}. \quad \text{Dit is nie gelyk aan } \frac{2}{0} \text{ nie.}$$

12. 1 derde + 1 derde = ____ derdes [1 derde plus 1 derde is gelyk aan hoeveel derdes?]

$$1 \text{ derde} + 1 \text{ derde} = 2 \text{ derdes}$$



13. 3 kwarte + 1 kwart = _____ [3 kwarte plus 1 kwart is gelyk aan _____ ?]

$$3 \text{ kwarte} + 1 \text{ kwart} = 4 \text{ kwarte} = 1 \text{ hele.}$$



14. 1 hele – 3 agstes = _____ [1 hele minus 3 agstes is gelyk aan _____ ?]

$$1 \text{ hele} = 8 \text{ agstes}$$

$$8 \text{ agstes} - 3 \text{ agstes} = 5 \text{ agstes}$$

15. Hoe skryf jy ekwivalente breuke? Gee ‘n voorbeeld.

Om ekwivalente breuke te skryf, vermenigvuldig “bo” en “onder” van ‘n breuk met dieselfde getal. Dit is dieselfde as om die breuk met 1 te vermenigvuldig.

$$\text{a) } \frac{2}{3} \times \frac{4}{4} = \frac{8}{12}$$

$$\text{b) } \frac{1}{5} \times \frac{3}{3} = \frac{3}{15}$$

of

Om ekwivalente breuke te skryf, deel “bo” en “onder” van ‘n breuk met dieselfde getal. Dit is dieselfde as om die breuk deur 1 te deel.

$$\text{a) } \frac{6}{9} \div \frac{3}{3} = \frac{2}{3}$$

$$\text{b) } \frac{6}{24} \div \frac{6}{6} = \frac{1}{4}$$

16. Wat beteken dit as 'n breuk in die "eenvoudigste vorm" geskryf is?

Wat is "8 twaalfdes" in die eenvoudigste vorm?

'n Breuk is in eenvoudigste vorm wanneer "bo" en "onder" nie kleiner kan word nie. "Bo" en "onder" moet steeds telgetalle wees.

8 twaalfdes in die eenvoudigste vorm is 2 derdes:

$\frac{8}{12}$

Opsie 1: Deel deur die grootste getal wat presies in 8 en 12 kan in deel.

$$\frac{8}{12} \div \frac{4}{4} = \frac{2}{3}$$

Opsie 2: Deel deur 'n klein getal wat presies in "bo" en "onder" kan in deel.

Herhaal totdat jy nie verder kan gaan nie.


$$\frac{8}{12} \div \frac{2}{2} = \frac{4}{6} \div \frac{2}{2} = \frac{2}{3}$$

4 sesdes is 'n "eenvoudiger vorm", maar dit is nie die eenvoudigste vorm nie.

17. Wat is 'n gemengde getal? Gee 'n voorbeeld.

Die getal $2\frac{1}{2}$ word gesê "twee en een half".

Dit staan bekend as 'n gemengde getal want dit is 'n kombinasie van 'n telgetal en 'n gewone breuk.



Nog voorbeelde van gemengde getalle is:

- a) een en twee derdes $\rightarrow 1\frac{2}{3}$ b) drie en vier vyfdes $\rightarrow 3\frac{4}{5}$

18. Wat is 'n onegte breuk? Gee 'n voorbeeld.

4 derdes is as volg $\frac{4}{3}$ geskryf.



- Dit is 'n onegte breuk.
- Die teller is groter as die noemer.

$$\frac{1}{3} + \frac{1}{3} + \frac{1}{3} + \frac{1}{3} = \frac{4}{3}$$

19. Hoeveel halwes is daar in:

- a) 1 hele? Daar is 2 halwes in 1 hele.
- b) 2 heles? Daar is 4 halwes in 2 heles. [Dink: $2 \times \underline{2 \text{ halwes}} = 4 \text{ halwes}$]
- b) 5 heles? Daar is 10 halwes in 5 heles. [Dink: $5 \times \underline{2 \text{ halwes}} = 10 \text{ halwes}$]

20. Hoeveel kwarte is daar in:

a) 1 hele? Daar is 4 kwarte in 1 hele.

b) 3 heles? Daar is 12 kwarte in 3 heles. [Dink: $3 \times 4 \text{ kwarte} = 12 \text{ kwarte}$]

21. Hoe verander jy 'n gemengde getal soos $1 \frac{2}{3}$ na 'n onegte breuk?

Ons werk met derdes. 1 hele is gelyk aan 3 derdes.

Daarom is $1 \frac{2}{3} = 3 \text{ derdes} + 2 \text{ derdes} = 5 \text{ derdes}$.

Ons skryf 5 derdes as $\frac{5}{3}$ in onegte breukvorm.

22. Hoe verander jy 'n gemengde getal soos $2 \frac{1}{4}$ na 'n onegte breuk?

Ons werk met kwarte. 2 heles = $2 \times 4 \text{ kwarte} = 8 \text{ kwarte}$.


Daarom is $2 \frac{1}{4} = 8 \text{ kwarte} + 1 \text{ kwart} = 9 \text{ kwarte}$.

Ons skryf 9 kwarte as $\frac{9}{4}$ in onegte breukvorm.


23. Hoe verander jy 'n onegte breuk soos $\frac{4}{3}$ na 'n gemengde getal?

Daar is 4 derdes.

Ons weet dat 3 derdes maak 1 hele.



3 derdes
= 1 hele



Daar is 1 derde "oor".


Ons skryf $\frac{4}{3}$ as $1 \frac{1}{3}$ as 'n gemengde getal.



24. Hoe verander jy 'n onegte breuk soos $\frac{7}{2}$ na 'n gemengde getal?

Daar is 7 halwes.

Ons weet dat 2 halwes maak 1 hele.




$$\begin{aligned}
 & 2 \text{ halwes} + 2 \text{ halwes} + 2 \text{ halwes} \\
 & = 1 \text{ hele} + 1 \text{ hele} + 1 \text{ hele} \\
 & = 3 \text{ heles.}
 \end{aligned}$$

Daar is 1 helfte "oor".


Ons skryf $\frac{7}{2}$ as $3\frac{1}{2}$ as 'n gemengde getal.

25. Daar is $\frac{3}{4}$ kg meel in 'n sak wat 2kg meel kan bevat.
Hoeveel meel is nodig om die sak vol te maak?



Ons moet $\frac{1}{4}$ kg meel byvoeg om 1 kilogram meel te hê.

Die sak kan 2kg meel bevat.



Daarom moet ons nog 1kg meel byvoeg.

Antwoord: $1\frac{1}{4}$ kg meel is nodig om die sak vol te maak.



Deel 2: Massa

1. Wat is “massa”?

Watter eenhede gebruik ons om dit te meet?

Die massa van 'n voorwerp sê vir ons hoe swaar dit is of hoeveel dit weeg.

Die standaardeenheid vir die meting van massa is die kilogram (kg).

Die massa van kleiner artikels of voorwerpe word in gram (g) gemeet.

kilo- beteken duisend.

Daar is 1000 gram in 1 kilogram: $1 \text{ kg} = 1000 \text{ g}$

2. Hoeveel gram is daar in 1 kilogram?

$1 \text{ kg} = 1\ 000 \text{ gram}$

3. Weeg 'n selfoon meer as of minder as 1 kilogram?

Minder as 1 kilogram.

4. Hoe verander jy kilogram na gram?

Byvoorbeeld, 3 kilogram is gelyk aan hoeveel gram? [$3 \text{ kg} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ g}$]

Maal met 1 000 want daar is 1000 gram in elke kilogram.

Daarom is 3kg gelyk aan 3 000g.

5. 'n Halwe kilogram is gelyk aan hoeveel gram? [$\frac{1}{2} \text{ kg} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ g}$]

'n Halwe kilogram is gelyk aan 500 gram.

Dink: 1 helfte van 1 000g = 500g

6. 'n Drie-kwart kilogram is gelyk aan hoeveel gram? [$\frac{3}{4} \text{ kg} = \underline{\hspace{2cm}} \text{ g}$]

Dink: 1 kwart van 1 000g = 250g

Dus is 3 kwarte van 1 000g = $250 \text{ g} \times 3 = 750 \text{ g}$

Antwoord: 'n Drie-kwart kilogram is gelyk aan 750 gram.

7. Watter meetinstrument sal jy gebruik om jouself te weeg?

'n Badkamerskaal.

8. Hoeveel weeg jy?

Antwoorde sal verskil, maar maak seker dit is ongeveer korrek.

Byvoorbeeld, "35 gram" of "200kg" is natuurlik verkeerd 😊.

9. Watter stelling is meer akkuraat?

'n Blok botter weeg 500g of 'n Blok botter weeg 5kg.

'n Blok botter weeg 500g.

10. Watter een is swaarder:

a) 1 koppie sand of 1 koppie saagsels? 1 koppie sand.

b) 1 kg klippe of 1 kg vere? Nie een nie - albei weeg 1 kg! 😊

11. Die massa van 2 appels is 180g.

a) Wat is die massa van een appel?

$180g \div 2 = 90g$. Die massa van 1 appel is 90g.

b) Wat sal die massa van drie appels wees?

Die massa van 1 appel is 90g.

Die massa van 3 appels sal 3 keer soveel wees: $90g \times 3 = 270g$.

12. 'n Boek weeg 'n halwe kilogram.

Hoeveel boeke sal altesaam 2 kilogram weeg?

Gebruik verdubbeling:

1 boek weeg 500g. Dus \rightarrow 2 boeke sal 1 000g [1kg] weeg.

\rightarrow 4 boeke sal 2 000g [2kg] weeg.

of

Gebruik optelling:

$500g + 500g + 500g + 500g = 2kg$

Dit beteken 4 boeke sal 2kg weeg.

Deel 3: Telgetalle

1. Sê hierdie getal in woorde: **20 875**

Twintig duisend, agt honderd vyf-en-sewentig.

2. Die grootste 5-syfergetal is _____ .

Die grootste 5-syfergetal is **99 999**. [Dit het 5 syfers → vyf 9s.]

3. Die kleinste 5-syfergetal, met vyf verskillende syfers, is _____ .

Die kleinste 5-syfergetal, met vyf verskillende syfers, is **10 234**.

- Die getal mag nie met “0” begin nie. 01234 is verkeerd want jy kan dit nie in woorde soos “Tien duisend, twee honderd vier-en-dertig” sê nie.
- 12 345 is ook verkeerd want 10 234 is kleiner as 12 345.

4. $9\ 999 + 1 =$ _____

[Nege duisend, nege honderd, nege-en-negentig plus een is gelyk aan ...]

$9\ 999 + 1 = 10\ 000$ [tien duisend]

5. $9\ 999 \times 1 =$ _____

[Nege duisend, nege honderd, nege-en-negentig maal een is gelyk aan ...]

Dit bly presies dieselfde → **$9\ 999 \times 1 = 9\ 999$** .

6. Wat beteken “dalende” volgorde?

Dit beteken “gaan af” van die grootste na die kleinste.

Voorbeeld: 85, 67, 50, 13 is in dalende volgorde van grootte geskryf.

7. Wat beteken “stygende” volgorde?

Dit beteken “gaan op” van die kleinste na die grootste.

Voorbeeld: 12, 27, 32, 43 is in stygende volgorde van grootte geskryf.

8. Wat is 'n ewe getal?

Ewe getalle eindig op 0, 2, 4, 6 of 8. Byvoorbeeld, 25 874 is ewe.

9. Die 3 ewe getalle net na 50 000 is...

50 002 , 50 004, 50 006.

10. Wat is 'n onewe getal?

Onewe getalle eindig op 1, 3, 5, 7 of 9.

Byvoorbeeld, 46 285 is onewe.

11. Die grootste 5-syfer ewe getal is _____ .

99 999 is die grootste 5-syfer getal maar dit is onewe.

99 998 is dus die grootste 5-syfer ewe getal.

12. Wat is die “waarde” van 'n syfer in 'n getal?

Waarde is hoeveel 'n syfer werd is in 'n getal.

In 42 875 is die waarde van die:

- 4 is 40 000.
- 2 is 2 000.
- 8 is 800.
- 7 is 70.
- 5 is 5.

13. Wat is die “plekwaarde” van 'n syfer in 'n getal?

Plekwaarde is die posisie van 'n syfer in 'n getal.

Met ander woorde, dit sê vir ons in watter kolom (TD, D, H, T of E) die syfer in is.

In 42 875 is die plekwaarde van die:

- 4 is TD
- 2 is D
- 8 is H
- 7 is T
- 5 is E.



14. Wat beteken dit om 'n getal in uitgebreide vorm te skryf?

Dit beteken dat ons die TD, D, H, T en E "uitbrei".

In uitgebreide vorm:

$$42\ 875 = 40\ 000 + 2\ 000 + 800 + 70 + 5$$

$$\text{of } 42\ 875 = 4\text{TD} + 2\text{D} + 8\text{H} + 7\text{T} + 5\text{E}$$

$$\text{of } 42\ 875 = (4 \times 10\ 000) + (2 \times 1\ 000) + (8 \times 100) + (7 \times 10) + (5 \times 1)$$

15. Wat beteken dit om 'n getal in verkorte vorm te skryf?

Dit is die teenoorgestelde van die skryf van 'n getal in uitgebreide vorm.


- $40\ 000 + 2\ 000 + 800 + 70 + 5$ in verkorte vorm is $42\ 875$.

Neem kennis van die volgorde van die plekwaardekolomme \rightarrow TD D H T E.

- $40\ 000 + 2\ 000 + 80 + \underline{700} + 5$ in verkorte vorm is $42\ \underline{785}$.

16. Verduidelik hoe jy 574 tot die naaste tien afrond.

574 lê tussen 570 en 580.



- Gebruik die ene-syfer om te besluit aan watter 10 die getal die naaste is.
- Die ene-syfer is 'n 4.
- Daarom, 574 afgerond tot die naaste tien is 570.

17. Verduidelik hoe jy 2 375 tot die naaste honderd afrond.

2 375 lê tussen 2 300 en 2 400.

- Gebruik die tiene-syfer om te besluit aan watter 100 die getal die naaste is.
- Die tiene-syfer is 'n 7.
- Daarom, 2 375 afgerond tot die naaste honderd is 2 400.

18. Verduidelik hoe jy die getal 56 684 tot die naaste duisend afrond.

56 684 lê tussen 56 000 en 57 000.

- Gebruik die honderde-syfer om te besluit aan watter duisend die getal die naaste is.
- Die honderde syfer is 'n 6.
- Daarom, 56 684 afgerond tot die naaste duisend is 57 000.

Deel 4: Optelling en Aftrekking

1. $8 + 7$ is gelyk aan...

$$8 + 7 = 15.$$

2. $50 + 90$ is gelyk aan...

$$50 + 90 = 140. \quad [5 \text{ tiene} + 9 \text{ tiene} = 14 \text{ tiene}]$$

3. Wat gebeur as jy nul by 'n getal tel?

Dit bly presies dieselfde. Byvoorbeeld, $5 + 0 = 5$.

4. Hoeveel moet by 75 getel word om 100 te kry?

$100 - 75 = 25$ dus moet **25** by 75 getel word om 100 te kry.

5. Bereken $100 + 200 + 300$.

$$100 + 200 + 300 = 600.$$

6. Wat beteken die woord "som" in Wiskunde?

Wanneer twee getalle opgetel word, word die antwoord die som genoem.
Voorbeeld: Die som van 4 en 5 is 9 want $4 + 5 = 9$.

7. Wat is die som van 45 en 35?

$$45 + 35 = 80 \quad [\text{Dink: } 45 + 30 = 75 \text{ en } 75 + 5 = 80]$$

8. Kan twee getalle in enige volgorde opgetel word?

Verduidelik jou antwoord met 'n voorbeeld.

Ja! $4 + 5 = 9$ en $5 + 4 = 9$. Daarom is $4 + 5 = 5 + 4$.

9. Bereken $300 + 800$.

$$300 + 800 = 1\ 100. \quad [3 \text{ honderde} + 8 \text{ honderde} = 11 \text{ honderde}]$$

10. Die som van drie getalle is 15.

Twee van die getalle is 5 en 3. Wat is die derde getal?

$$5 + 3 + \underline{\quad} = 15 \quad \rightarrow \quad 8 + \underline{\quad} = 15$$

$$\rightarrow 15 - 8 = 7. \quad \text{Die derde getal is 7.}$$

HOU SO AAN!



11. Wat beteken die woord “verskil” in Wiskunde?

Wanneer een getal van 'n ander getal afgetrek word, staan die antwoord bekend as die verskil.

- Die verskil tussen 9 en 5 is 4: $9 - 5 = 4$
- 8 word van 20 afgetrek beteken $20 - 8$ en nie $8 - 20$ nie.

12. Hoekom kan twee getalle nie in enige volgorde afgetrek word nie?

Byvoorbeeld, hoekom is $9 - 4$ nie gelyk aan $4 - 9$ nie?

As ek 9 lekkers het en 4 van hulle eet, sal ek 5 lekkers oor hê: $9 - 4 = 5$.

As ek egter net 4 lekkers het, kan ek nie 9 lekkers eet want daar is nie genoeg lekkers nie. Daarom is $9 - 4$ nie gelyk aan $4 - 9$ nie.

- Die antwoord vir “ $4 - 9$ ” is negatief.
- Ons sal in Gr 7 negatiewe getalle behandel.

13. Wat is die verskil tussen 25 en 8?

$$25 - 8 = 17$$

14. Trek 5 van 500 af. Wat is die antwoord?

$$\text{Begin met 500} \rightarrow 500 - 5 = 495$$

15. Trek 2 van 2 000 af. Wat is die antwoord?

$$\text{Begin met 2 000} \rightarrow 2\ 000 - 2 = 1\ 998$$

16. Bereken $4\ 000 - 260$ met hoofrekene. Verduidelik jou stappe verbaal.

260 is gelyk aan $200 + 60$.

Trek dus 200 af en dan 60 in twee stappe ...

$$\text{Stap 1: } 4\ 000 - 200 = \underline{3\ 800}$$

$$\text{Stap 2: } \underline{3\ 800} - 60 = 3\ 740$$

17. Wat is die som van 6 000 en 9 000?

$$6\ 000 + 9\ 000 = 15\ 000 \quad [\text{Dink: } 6D + 9D = 15D]$$

Hierdie onderwerpe word op 'n **deeglike + maklike** manier in ons Play! Wiskunde boeke behandel.



Deel 5: 2-D Vorms

1. Wat beteken “2-D”?

Dit staan vir “twee-dimensies” of “twee-dimensioneel”.

- Die twee afmetings/dimensies is “lengte” en “wydte”.
- ‘n Ander woord vir wydte is “breedte”.
- 2-D vorms is plat. 3-D voorwerpe het “hoogte”.



2. Beskryf ‘n driehoek.

‘n Driehoek is ‘n 2-D vorm met 3 sye en 3 hoeke.

3. Wat is ‘n vierhoek? Gee 4 voorbeelde van vorms wat vierhoeke is.

Alle geslote voorwerpe met vier reguit sye word geklassifiseer as vierhoeke.

Voorbeelde van vorms wat vierhoeke is:



4. Beskryf ‘n veelhoek deur 3 kenmerke te noem.

1. ‘n Veelhoek is ‘n 2-D vorm.
2. Dit het slegs reguit sye.
3. Die vorm moet “geslote” wees.

5. Is ‘n sirkel ‘n veelhoek?

Nee – ‘n sirkel het een geboë sy.


6. Is ‘n kubus ‘n veelhoek?

Nee – ‘n kubus is 3-D.
Veelhoeke is 2-D vorms.

14. Beskryf 'n vierkant.

'n Vierkant het: a) 4 gelyke reguit sye.

b) 4 regte hoeke.



15. Dink aan die punt van 'n pizza-sny.

Is die hoek tussen die twee kante van die pizza-sny groter, kleiner of gelyk aan 'n regte hoek?

Dit is kleiner as 'n regte hoek.



16. Wanneer 'n horlosie 3-uur wys, is die hoek tussen die twee arms groter, kleiner of gelyk aan 'n regte hoek?

Dit is gelyk aan 'n regte hoek.



17. Wat is die verskil tussen 'n ruit en 'n parallelogram?

'n Ruit het 4 gelyke sye. Dit lyk soos 'n "oorgestote" of 'n "skuins" vierkant.

'n Parallelogram het 2 gelyke lengtes en 2 gelyke breedtes.

Dit lyk soos 'n "oorgestote" of 'n "skuins" reghoek.

Vierkant




Ruit



"Skuins Vierkant"

Reghoek



Parallelogram



"Skuins Reghoek"

18. Wat is die verskil tussen 'n vierkant en 'n ruit?

'n Vierkant staan "regop" want dit het 4 regte hoeke.

'n Ruit lyk "omgestoot" want dit het 0 regte hoeke.

Deel 6: Datahantering

1. Wat is data?

Data is enige inligting wat versamel word.

Dit word versamel deur waarneming, vrae te vra of meting.

Data word gewoonlik in grafieke of kaarte georganiseer.

2. Wat is telmerkies. Hoe skryf jy hulle?

Telmerkies is 'n metode om getalle in groepe van 5 te groepeer: |||||

- ||||| || telmerkies beteken 'n item is 7 keer getel.
- ||||| ||||| |||| telmerkies beteken 'n item is 13 keer getel.





3. Hoekom is die sleutel so belangrik wanneer 'n piktogram geles word?

Die sleutel dui aan wat elke prentjie beteken.

Byvoorbeeld, in die piktogram hieronder sê die sleutel vir ons dat elke prent 3 leerders verteenwoordig.

As jy dit nie lees nie, sal jy al die vrae omtrent die piktogram verkeerd kry.

Die volgende piktogram toon die gunsteling vrugte van 'n groep Graad 4 leerders.

| Gunsteling vrug | Aantal leerders |
|-----------------|---|
| Appel |  |
| Piesang |  |
| Kiwi |  |
| Perske |  |

SLEUTEL:  = 3 leerders

'n Piktogram gebruik prente om data voor te stel.

Dit is belangrik om op te let na die sleutel.

4. Wat is 'n sirkeldiagram?

'n Sirkeldiagram stel data in sirkelvorm voor.

- Die hele sirkel stel al die data voor.
- Die verdelings toon die aantal mense of voorwerpe betrokke in die opname.



Die hele sirkel stel al 96 leerders voor.

5. Wat is die "modus"?

Die getal of item wat die meeste voorkom in 'n datastel staan bekend as die modus. Onthou: "die modus kom die meeeste voor".

Deel 7: Vermenigvuldiging

1. 6×7 is gelyk aan...

$6 \times 7 = 42$.
2. Waarmee moet 8 vermenigvuldig word om 'n antwoord van 40 te kry?

$\underline{\quad} \times 8 = 40$. 8 moet met 5 vermenigvuldig word want $5 \times 8 = 40$.
3. Wat gebeur as jy 'n getal met 1 vermenigvuldig?

Dit bly presies dieselfde. Byvoorbeeld, $5 \times 1 = 5$.
4. Wat gebeur as jy 'n getal met 10 vermenigvuldig?

Dit word 10 keer groter. Byvoorbeeld, $5 \times 10 = 50$.

Dit beteken nie dat ons "nul by die getal tel" nie!
 $5 + 0 = 5$ maar $5 \times 10 = 50$.
5. $999 \times 10 = \underline{\hspace{2cm}}$ [Nege honderd nege-en-negentig maal tien is gelyk aan ...]

999 word tien keer groter $\rightarrow 999 \times 10 = 9\ 990$.
6. Anna het R35. John het twee keer soveel geld as Anna.
Hoeveel geld het John?

Twee keer soveel as R35 = $R35 \times 2 = R70$. [Dink R35 + R35]
7. 60 vermenigvuldig met 9 is gelyk aan...

$6 \times 9 = 54$ daarom is $\underline{60} \times \underline{9} = \underline{540}$.
8. Wat beteken die woord "produk" in Wiskunde?

Wanneer twee getalle vermenigvuldig word, staan die antwoord bekend as die produk.

Voorbeelde:

 - Die produk van 2 en 3 is 6 want $2 \times 3 = 6$.
 - Die produk van 8 en 10 is 80 want $8 \times 10 = 80$.



9. Wat is die produk van 12 en 40?

$$12 \times 4 = 48 \quad \text{Daarom is} \quad 12 \times 40 = 480.$$

10. Kan twee getalle in enige volgorde vermenigvuldig word? Verduidelik.

$$\text{Ja! } 3 \times 6 = 18 \quad \text{en} \quad 6 \times 3 = 18 \quad \text{daarom is} \quad 3 \times 6 = 6 \times 3.$$

11. Wat is veelvoude?

Veelvoude is die getalle wat jy kry wanneer jy 'n getal met 1, 2, 3, 4 ens. vermenigvuldig.

Veelvoude van 'n getal begin met die getal self en word groter.

Voorbeelde:

- Die eerste 5 veelvoude van 3 is 3, 6, 9, 12, 15.

$$\text{DINK: } 1 \times 3 = 3, \quad 2 \times 3 = 6, \quad 3 \times 3 = 9, \quad 4 \times 3 = 12, \quad 5 \times 3 = 15$$

- Die eerste 5 veelvoude van 4 is 4, 8, 12, 16, 20.

$$\text{DINK: } 1 \times 4 = 4, \quad 2 \times 4 = 8, \quad 3 \times 4 = 12, \quad 4 \times 4 = 16, \quad 5 \times 4 = 20$$

12. Wat is die eerste 5 veelvoude van 7?

Begin by 7 en tel vorentoe in 7s: 7, 14, 21, 28, 35.

13. Verduidelik wat faktore is. Wat is die faktore van 12?

Faktore van 'n getal is getalle wat 'n presiese aantal keer in die getal pas.

Byvoorbeeld, die faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6, 12.



- Faktore kom in pare voor $\rightarrow 1 \times 12, 2 \times 6, 3 \times 4.$
- Die eerste faktorpaar van elke getal is 1 en die getal self.

Moenie dit met veelvoude van 12 verwar nie.

Veelvoude van 12 begin by 12 en word groter: 12, 24, 36, 48 ens.

14. Wat gebeur as jy 'n getal met 0 vermenigvuldig?

Dit is gelyk aan nul. Byvoorbeeld, $3 \times 0 = 0$. [Dink 3 nulle = $0 + 0 + 0 = 0$.]

15. Bereken: $11 \times 10 \times 0 =$ _____

$11 \times 10 \times 0 = 0$ [Enige getal vermenigvuldig met 0 is gelyk aan 0]

16. Bereken: $11 \times 10 \times 1 =$ _____

$11 \times 10 \times 1 = 110$ [Enige getal vermenigvuldig met 1 bly dieselfde]

17. Wat is die produk van 40 en 30?

$4 \times 3 = 12$ daarom is $40 \times 30 = 1\ 200$

18. Wanneer 'n sekere getal met 50 vermenigvuldig word, is die antwoord 300.

Wat is die sekere getal? $\underline{\quad} \times 50 = 300$. Die getal is 6 want $6 \times 50 = 300$

19. Wat is die produk van 2, 3 en 4?

$2 \times 3 \times 4 = 6 \times 4 = 24$

20. Kan drie getalle in enige volgorde vermenigvuldig word?

Verduidelik. Ja! $2 \times 3 \times 4 = 24$

en $4 \times 2 \times 3 = 24$

Daarom is $2 \times 3 \times 4 = 4 \times 2 \times 3$.

21. Wat is die 4de veelvoud van 25?

$4 \times 25 = 100$ of tel in 25s: 25, 50, 75, 100.

22. Wat is die produk 12 en 12?

Dink: $10 \times 12 = 120$

en $2 \times 12 = 24$

Dus is $12 \times 12 = 120 + 24 = 144$.

HOU SO AAN!

